

## Exhibiting fine art on weekends

**For approximately ten years now, Delon Morosi has been selling his works of art made from beads and wire in Kimberley. For Morosi beadwork is a "family thing". He says his mother started with beadwork on doilies many years ago. The most popular beadwork items he sells are those of the hoopoe bird, boerbok, sheep and the protea. He also does work on order. On Saturday mornings Morosi and his work can be found on the corner of Synagogue and Memorial Road, and on Sundays on the corner of Gerrit Schouten Way and MacDougall Drive.** PHOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Waterkrisis nie met erns benader

**Na raming gaan 70 miljoen liter vars en drinkbare water daagliks in Suid-Afrika verlore weens waterlekplekke.**

Hoewel Suid-Afrika as 'n waterskaars land beskou word, en as die 30ste droogste land ter wêreld, word op waterwysheid nie veel ag geslaan nie.

Met Nasionale Waterweek, vandeesweek van 20 tot 26 Maart, en Wêreldwaterdag op 22 Maart, kry 'n mens so 'n slukkie of twee statistiek oor die vermorsing van water in, met enkele vermanings. Dit is egter soos water van 'n eend se rug.

Geen Noord-Kapenaar hoef verder as sy eie dorp te kyk om tekens van lekplekke en tekorte te kry nie.

'n Mens kry die beeld van owerhede en inwoners wat soos Jack en Jill bult-op en bult-af huppel met 'n stukkende emmer tussen hulle om die probleem op te los en water te gaan skep.

Is dit nie die owerhede wat nalaat om infrastruktuur op te knap, te herstel of vernuwe nie, is dit inwoners wat infrastruktuur vandaliseer om die waterlekplekke of -tekorte mee te bring, en ander wat nalaat om die sondaars uit te wys.

Kimberley, as die hoofstad van die provinsie, stel nie 'n voorbeeld aan sy dorpe oor hoe om waterkrisisse te hanteer nie.

Ongeag vele daelange "water shutdowns" om die watervoorsieningsprobleme op te los, is daar reeds gerugte van 'n volgende water-afsluiting.

Op die punt van droë krane: 'n Goeie vermaning sou wees om waterbottels en -houers wat meer as een maal gebruik word aan te skaf. Doen weg met die aankoop van plastiekbotteltjies water – saam met weggooibabadoeke is dit twee produkte wat 'n reuse-aandeel in besoedeling het.

In sy onlangse provinsiale rede het die premier van die Noord-Kaap, dr. Zamani Saul, gesê die Nasionale Tesourier het R1,9 biljoen aan die Sol Plaatje-munisipaliteit toegewys om sy grootmaatwaterinfrastruktuur oor die volgende drie boekjare te verbeter. Of hierdie projek net water in die see indra gaan wees, sal net die tyd leer.

Little gem

## 'water, water ...

... everywhere, nor any drop to drink'

■ With World Poetry Day and World Water Day that take place on 21 and 22 March respectively, this line from poet Samuel Taylor Coledridge (1772-1834) seems appropriate. As part of a ballad, it tells the fate of a ship's crew, lost at sea. Although surrounded by water, they could not drink it.

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

Twyfelhoekie

# Bly getrou aan die mooiste eienskap

HANNES NOËTH

**Een van die mooiste eienskappe wat enigeen kan hê, is lojaliteit.**

Daarteenoor is dislojaliteit seker een van die dinge wat 'n mens die meeste onkant vang, die meeste seermaak en waarvan 'n mens die moeilikste herstel.

Met 'n lojale mens kan jy 'n oorlog wen, met 'n dislojale mens kan jy nie 'n enkele tree vorder nie.

In 'n klein ou kamertjie in 'n versorgingstehuis sit ek en die ou oom en gesels. Ons gesels oor sy lewe, sy lewenspaaie, die maklike en die moeilike dae. Sy hande wat duidelik tekens dra van jare en jare se harde werk, getuig van ervaring.

Hy onthou ook. Hy praat ook. Hy het al 'n pad geloop.

Hy kyk my in my oë; sê aan my, leer my: "Lojaliteit is waaroor alles gaan. Daar is eintlik net twee soorte mense – hulle met wie jy 'n pad kan loop en hulle wat teenoor niks lojaal is nie."

In ons gesprek beklemtoon hy hoe mense staan en val by lojaliteit. Almal van ons is soms dislojaal. Ons maak foute. Almal van ons is hopelik meestal lojaal.

"Is jy van karakter lojaal of dislojaal?" vra hy.

Hy het al dislojaliteit beleef, van familie, van kinders, van 'n geliefde, maar – en dit is vir hom die belangrikste – hy het lojaal teenoor homself gebly.

Tussen lojaliteit en dislojaliteit lê 'n hele wêreld, só beklemtoon hy. Kies lojaliteit. Verwerp dislojaliteit. En waar jy dislojaal was, gaan maak reg.

Potpourri

# 'Dankie' is kosbaar

KARIN MULLER

**Hy help hulle onlangs met 'n projek.**

Kort daarna ontvang hy 'n e-pos vanaf die projekleier: "Ai toggie. Ek hoop nie meneer het seergekry toe meneer uit die hemel geval het nie."

'n Mens kry inderdaad engelmense.

Mense wat so 'n goeie hart dat jy soms wonder of hulle nie wel direk uit die hemel op jou lewenspad geland het nie.

Mense wat omgee. Mense wat uit hul pad sal gaan om ander mense te help.

Mense wat luister. Mense wat ondersteun.

"As daar meer dankies was, sou die wêreld 'n beter plek gewees het," het iemand onlangs gesê.

Dit is waar. Dan moet daar darem ook iets wees om voor dankie te sê.

Soms help mense, maar ontvang selde 'n dankie. Indien ooit.

'n Mens help nie om 'n dankie te kry nie, maar 'n woord van waardering loop 'n ver pad.

Dit hoef nie 'n groot blyk van waardering te wees nie.

As die woord "dankie" opreg, op die regte tyd en vir die regte doel gebruik word, is dit 'n goeie ervaring vir die ontvanger daarvan.

Soos met hierdie projekleier, hoop ek ook dat die engelmense nie seerkry wanneer hulle uit die hemel val nie.

Hulle moet immers in 'n gesonde toestand wees om ons te help. Veronderstel hulle sou arms en bene met die val breek – wie gaan dan vir wie help?

Dankie aan die engelmense wat op so 'n manier uit die hemel val dat julle steeds kan help.

Lewende water

# Hef jubelkreet aan

KOBUS VAN TONDER

**In die wêreldgeskiedenis is datums wat bo die res uittroon, datums wat hoogte- én laagtepunte verteenwoordig.**

Eersdaags word die kruisiging van Jesus herdenk; die dag waarop Hy aan die kruis gesterf en uitgeroep het: "Dit is volbring!" (Joh. 19:30).

In die geskiedenis is geen datum so rooi soos hierdie dag nie. Geen gewigtiger oomblik was daar of sal wees as toe Jesus geroep het: "Dit is volbring!"

Wat is volbring? Eerstens is dit die laagste punt ooit. Dit wys waartoe ons as mensdom in staat is – die ergste is volbring.

Die Nederlandse teoloog, prof. Carl Korff, noem dit moord op God. Die allerergste van sonde en boosheid van die mens word saamgepers in die een uitroep.

Tweedens kan 'n mens na dit kyk vanuit die perspektief van wat Jesus vir die mensdom doen.

Dit is 'n hoogtepunt.

"Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" lees Joh. 1:29. Aan die kruis is Hy die Paaslam wat bevryding bring.

Die Griekse woord vir die uitroep is 'n boekhouterm. Sodra iemand sy skuld by die bank vereffen het, is 'n kwitansie met die woorde daarop uitgereik.

Jesus betaal nie vir Sy skuld nie – maar ons sondeskuld.

Die uitroep dui op oorwinning; die ganse hemelse leërskare jubel soos wanneer 'n atleet ná 'n vermoeiende wedloop die lint breek. Christus het ons liefgehad tot by die einde (Joh. 13:1). Die wenstreep is oorgesteek.

Jesus het alles volbring, en ons moet juig. Geloof is om te juig oor ons verlossing – met ons lippe en ons lewe. Sondae is 'n jubelkreet. Elke goeie werk, elke liefdesdiens, elke erediens is 'n uitroepteken agter Jesus se woorde: Dit is volbring!

■ Ds. Kobus van Tonder van die NG kerk Vanzylsrus lewer voortaan die maandelikse geestelike rubriek


CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



**PERSRAAD**

Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.